


LBW Geldbeplanning | NICO VAN GIJSEN



Sorg liewer uit boedel vir gade

Ek kyk vandag na die vraag van 'n leser oor die versorging van sy vrou en kinders ná sy afsterwe.

Dit is sy tweede huwelik en sy kinders is gebore uit die eerste huwelik. Hy wil nie 'n bakleiery oor geld hê wanneer hy die dag sterf nie. Hy wil billik wees teenoor almal en niemand benadeel nie.

'n Omvattende boedelplan, opgestel deur 'n kundige finansiële beplanner, is elke sent werd wat jy daarvoor betaal. Net die maandelike belastingbesparings kan derduisende rande beloop, om nie eens te praat van die vrede handhaaf tussen jou naasbestaandes nie.

In ons leser se geval gaan die vraag grootliks oor die verdeling van eiendom en ander bates teenoor sy lewende annuïteit wanneer hy sterf. Ek konsentreer dus hierop.

Na gelang van die behoeftes en of daar genoeg geld beskikbaar is, sal ek eerstens voorstel dat hy kyk na die bemaking van die bates in sy boedel, eiendom en ander beleggings aan sy vrou.

BELASTINGVOORDELE

Die rede hiervoor is dat enige

Dit sal goed wees as meer mense aandag gee aan boedelbeplanning en regverdig voorsiening maak vir hul naasbestaandes.

Soos ek na dinge kyk, loop gans te veel gevalle uit op 'n onsmaklike geveg tussen partye. Geld het nie brieke nie.

bemaking aan 'n langsliewende gade aftrekbaar is vir boedelbelasting in sy boedel. Dit sluit die uitbetaling van polisse in.

Verder is daar vir elke natuurlike persoon by dood 'n boedelbelastingkorting van R3,5 miljoen. Die deel van hierdie korting wat nie in die eerssterwende se boedel gebruik word nie, word oorgedra na die boedel van die langsliewende.

Anders gestel, as hy ál sy bates aan haar bemaak het, "erf" sy ook sy R3,5 miljoen boedelbelastingkorting en is daar dus 'n R7 miljoen-korting in haar boedel. Beslis 'n oorweging in enige boedelplan.

Terloops, al is jy nie getroud nie, maar in 'n langtermynver-

houding wat bedoel is om permanent te wees, geld dieselfde reëls ten opsigte van die aftrekking vir boedelbelasting wat ek hierbo genoem het, asook die oordrag van die korting.

ANNUÏTEITE

Die lewende annuïteit, aan die ander kant, val nie in jou boedel nie. Dit kom dus nie in berekening vir boedelbelasting nie. Begunstig dan liewer die lewende annuïteit aan die kind of kinders, synde dit vry van boedelbelasting is.

Die kinders kan dan kies of hulle 'n jaarlikse of maandelikse inkomste wil onttrek (2,5% tot 17,5% per jaar), of al die geld dadelik aan hulle wil laat uitbetaal.

Die inkomste sal gewoonlik meer sin maak, want dit word belas as inkomste, terwyl die kontantuitbetaling belas word volgens die belastingskaal wat geld vir kontantonttrekkings uit pensioenfondse. Dit kan tot 36% beloop (op die bedrag bo R1 050 000).

As jy geld in 'n uitree-annuïteit (UA) het en dus nog nie vir jou 'n pensioen, soos 'n lewende annuïteit, aangeskaf het nie, is daar bykomende reëls wat geld. By sterfte is 'n UA ook uitgesluit van jou boedel, maar, anders as met 'n lewende annuïteit, het die trustees van die UA-fonds die laaste sê oor wie die geld gaan kry. Jou begunstigde-aanwysing hoef nie noodwendig eerbiedig te word nie.

Daar is baie meer kwessies wat aandag moet kry in 'n boedelplan. Praat dus met 'n kundige. **LBW**

Mnr. Nico van Gijsen is 'n gesertifiseerde finansiële beplanner, belastingpraktisyn, lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac.

NAVRAE: Mnr. Nico van Gijsen,

e-pos: nico@finlac.com,

Twitter: [@Nicovangijsen](https://twitter.com/Nicovangijsen)